



Junior Jive

Music is learning - Music is joy



Voorskoolse musiek & bewegings program

van Baba tot Meester Maestros



MUSIEK EN BEWEGINGSPROGRAM VIR KLEUTERS

HOOFKANTOOR - Johannesburg

Jennifer Morrison 072 738 9391

jenni@juniorjive.co.za

MBOMBELA Tak

Heleen du Plessis – 079 886 4851

072 738 9391 | jenni@juniorjive.co.za | www.juniorjive.co.za

 [JuniorJiveSA](#) [@juniorjive](#) [Junior Jive - Jennifer Morrison](#)

HOE HET JUNIOR JIVE BEGIN

Jennifer Morrison is die eienaar en kurrikulum ontwikkelaar van Junior Jive. Sy het 'n Grondslagfase Onderwys kwalifikasie, 'n Remediërende Onderwys kwalifikasie en 'n musiek kwalifikasie. Sy het kinders tussen die ouderdomme van 6 weke tot 18 jaar oud onderrig vir meer as 25 jaar. Gedurende haar jare as 'n klasonderwyseres het sy haar ondervinding en liefde vir musiek tussen aktiwiteite aangewend om die onderrig van verskillende konsepte lekkerder te maak! Sy is ook 'n Positiewe Gedragsafriiger.

In 2011 het Jennifer die Junior Jive Musiek- en Bewegingsprogram gestig, 'n outentiek Suid Afrikaanse program spesifiek gerig op die Suid Afrikaanse kindermark. Sy glo dat hierdie die tyd in 'n kind se lewe is waar die brein ervaringe absorbeer teen 'n fenomenale tempo en as opvoeders het ons die geleentheid om musiek te gebruik om hierdie ervaringe nog meer voordelig te maak.

JUNIOR JIVE IS 'N OPVOEDKUNDIGE MUSIEK- EN BEGEWINGSPROGRAM

Musiek is 'n **natuurlike en belangrike deel** van 'n jong kind se groei en ontwikkeling. Vroeë interaksie met musiek beïnvloed die kwaliteit van 'n kind se lewe op 'n positiewe manier. Suksesvolle ervarings in musiek help kinders om emosioneel en intellektueel te bind met ander deur kreatiewe uitdrukking d.m.v. sang, ritmiese beweging en luistervaardighede.

Kinders wat grootword in 'n omgewing waar hulle musiek hoor, liedjies sing en ritmies beweeg, geniet wat kundiges noem 'n 'ryk sensoriese omgewing'. Musiek affekteer die **groei van 'n kind se brein** op akademiese, emosionele, fisiese en geestelike vlakke.

Baie jong kinders het die vermoë om kritiese denke te ontwikkel deur musikale idees. Kinders gebruik dinkvaardighede wanneer hul musikale verordeninge en besluite neem.

Alle kinders het **musikale potensiaal**. Elke kind het die potensiaal om suksesvolle, betekenisvolle interaksie met musiek te beleef. Die ontwikkeling van hierdie potensiaal, deur blootstelling aan 'n groot verskeidenheid musiek en geleenthede in oorfloed om gereeld deel te neem aan ontwikkelingsgepaste musiekaktiwiteite, is elke kind se reg..

JUNIOR JIVE IS SPESIAAL



Die waarde van elke **kind se selfbeeld** is die kern van *Junior Jive*. Ons glo elke kind is 'n ster wat sal blom in 'n leeromgewing wat op die kind se individuele behoeftes gebaseer is. Ons erken elke kind se persoonlike waarde.

Ons waardeer elke kind se vermoë om basiese musiekbeginsels te begryp en hou in gedagte dat die vermoë om te leer en te verstaan verskil van kind tot kind.

Ons waardeer die unieke kreatiwiteit wat elke kind vir ons voorhou en die liefde vir musiek wat kinders inherent het. As onderwysers is dit ons verantwoordelikheid om kinders te help om hul eie musikale talente te ontdek en uit te leef

Die *Junior Jive* Musiek-en Bewegingsprogram fokus op **vaardighede en konsepte** wat nodig is om 'n kind voor te berei vir die groot stap na laerskool d.m.v. die waardevolle medium van musiek. Die liedjies en aktiwiteite is gebaseer rondom temas relevant vir kinders

Junior Jive **onderwysers is Musiekspecialiste**, wat die kind se pad van musikale ontdekking en kennis fasiliteer, wat op sy beurt weer akademiese vaardighede ontwikkel. Alle Junior Jive onderwysers het die Junior Jive opleiding voltooi en is toegewy om die kinders bloot te stel aan die vreugde van musiek, terwyl hul die kinders se persepsuele vaardighede ontwikkel.



JUNIOR JIVE FOKUS OP ELKE ONTWIKKELINGSFASE VAN DIE KIND

“Baie van dieselfde neurone wat in musiek gebruik word, word ook in wiskunde, taal en denkvermoë gebruik.”

Die Junior Jive program begin vir babas van vier maande oud tot kinders van 6 jaar oud (Graad R). Daar is vier leerplanne binne die Junior Jive kurrikulum en elke leerplan sluit ouderdomsgepaste aktiwiteite in wat fokus op ouderdomspesifieke vaardighede vir die bevordering van die ontwikkeling vir elke ouderdomsgroep.

Die *Junior Jive* leerplanne is soos volg:



Baba Maestros Babas van 4 maande - 12 maande

Besige Maestros 1 – 2 Jaar

Mini-Maestros 2 – 4 Jaar

Meester Maestros 4 - 6 Jaar en Graad R



JUNIOR JIVE MUSIEK HELP MY OM:

My verbeelding te gebruik en kreatief te dink.

Mooi te luister.

Op die noot te sing. Dit ontwikkel my taalvaardighede en geheue wanneer ek nuwe liedjies leer.

In 'n groep te werk en 'n goeie vriend te wees.

Goed te voel oor myself. Ek weet ek is spesiaal!

Om my liggaam op verskeie maniere te beweeg op maat van die musiek.

My leesvaardighede te ontwikkel. Stories, rympies en liedjies help my om myself in woorde uit te druk.

Om 'n beter verhouding met my Junior Jive juffrou te hê. Sy dink ek is wonderlik!

Die vreugde en passie van musiek te ervaar. Ek wil hê musiek moet 'n spesiale deel van my lewe vorm.

JY KAN OOK DIE VREUGDE VAN JUNIOR JIVE VIR DIE KINDERS BY JOU SKOOL GEE



1. JUNIOR JIVE KAN DEEL WEES VAN JOU SKOOL SE OPVOEDKUNDIGE KURRIKULUM

Baie skole sien die belangrikheid van musiek en beweging as 'n noodsaaklike deel van hulle weeklikse skoolprogram en daarom neem alle kinders deel aan die Junior Jive lesse. Die lesse word een keer per week gedurende skoolkwartale/termyne by die skool aangebied. Die skool het verskeie opsies wat onderhandelbaar is met Junior Jive, wat die prys affekteer:

- Die lengte van die lesse – 20 minute of 30 minute
- Betalingsopsie – Die skool betaal Junior Jive direk
- Die ekstras – wil die skool geskrewe verslae hê, Ouerkykdae, hulp met konserte ens.

2. JUNIOR JIVE KAN DEEL WEES VAN JOU SKOOL SE BUITEMUURSE PROGRAM

Sommige skole verkies om Junior Jive as buitemuurse aktiwiteit te hê, waar die ouers die keuse het om hul kinders in te skryf al dan nie. Ons onderwysers kom een keer per week na die skool en bied 'n 30 minute klas aan vir die kinders wat ingeskryf is. Ons bied ook twee Ouerkykdae per jaar aan en ons verskaf verslae en nuusbriewe aan die ouers. Kinders ontvang 'n medalje elk asook 'n Junior Jive geskenk.

ADDISIONELE DIENSTE BESKIKBAAR

Junior Jive bied ook hulp met **konserte** aan, agtergrondmusiek, die leer van liedjies vir skole wat dit nodig het, teen 'n uurlikse fooi.

Junior Jive voorsien uitstekende **Blokfluitlesse** as deel van ons Graad R program vir kurrikulêre skole wat dit wil hê.

Kontak ons gerus om hierdie opsies te bespreek en om 'n demonstrasieles te kom aanbied.




Junior Jive
Music is learning - Music is joy



Heleen Du Plessis 079 886 4851
heleen@juniorjive.co.za
South African music & movement programme
Head Office: Johannesburg – Jennifer Morrison 0727389391
www.juniorjive.co.za

